VAKBONDE

DOEL

Om die Verkenner bewus te maak van wat vakbonde is en watter rol hulle speel.

UITKOMSTE

Die Verkenner moet 'n sinvolle gesprek kan voer oor waarom dit voordelig is om aan 'n vakbond te behoort.

DOENWENKE

- Gaan gesels met vyf persone wat aan verskillende vakbonde behoort en rapporteer terug aan jou span oor die volgende sake :
  - Aan watter vakbonde behoort hierdie persone?
  - Hoekom behoort hulle aan die spesifieke vakbond?
  - Wat het hierdie vakbond al vir hulle beteken en in die werksituasie gedoen?

  Besluit dan as span watter vakbond is die doeltreffendste en die moeite werd om aan te behoort.

SLAGGATE

- Die bespreking kan in politiekery en rassisme ontaard.
- Gebrek aan kennis oor en 'n negatiewe houding teenoor die idee van vakbonde kan vir jou nadelig wees wanneer jy begin werk.

Doel van vakbonde

Vakbonde is in wese verenigings van werknemers wat gestig is met die doel om hul gesamentlike mag te gebruik om beter voordele en omstandighede vir werknemers te beding. Werkers het tydens die Industriële Revolusie in 'n magtelose posisie teenoor die kapitaliste verkeer, maar het ontdek dat as hulle saamstaan hulle wel 'n magsfaktor kan word wat beter lone en werksomstandighede kan beding. Vakbonde het daarin geslaag om die werkers vanuit 'n posisie van totale afhanklikheid in 'n posisie van mag te plaas.

Benewens die primêre rol van vakbonde het al hoe meer onderwerpe bygekom wat deur vakbonde aangespreek is. Hulle gee aandag aan sosiale sekuriteit, mediese dekking, omgewing, internasionale solidariteit (samehorigheidsgevoel) met onderdruktes en politieke doelwitte.

Ontstaan van vakbonde

Vakbonde in die moderne betekenis val saam met die Industriële Revolusie. Daar was al aan die einde van die Middeleeue organisasies wat as die voorlopers van die moderne vakbonde beskou kan word. Hierdie gildes was verenigings van ambagsmanne en handelaars. 'n Mens het die gilde van byvoorbeeld die kleremakers, skoenmakers, smede en karweiers gehad. Die gildes se doel was om alle ambagsmanne saam te snoer. Hulle het algemene norms en standaarde oor kwaliteit opgestel en ook pryse probeer reguleer en hul produkte gesamentlik bemark en het meer invloed, selfstandigheid en selfrespek aan ambagsmanne gegee. Hulle is egter deur vakmanne (meesters) gedomineer.

Die moderne vakbonde is 'n produk van die Industriële Revolusie wat in die vroeë 19de eeu in Engeland begin het en van daar na ander dele van Europa en die wêreld uitgebrei het toe die ekonomiese mag in die hande van kapitaliste geval het. Fabrieke het ontstaan met massa arbeiders wat uitgelewer was aan kompetisie vir werk en hongerlone. Vakbonde was so te sê onwettig.

In 1824 en 1825 het die Britse parlement die vorming van vakbonde gewettig. Dadelik het vakbonde ontstaan rondom sekere beroepe, soos mynwerkers, skeepsbouers, skrynwerkers, ingenieurs en ketelmakers. Daar is ook dadelik deur die verskillende vakbonde gepoog om landswye organisasies en federasies (vakverbonde) te stig om meer invloedryk te kan wees.

Die vakbondidee het 'n groot stap vorentoe geneem in 1834 met die stigting van die “Grand National Consolidated Trade Union”, met Robert Owen as voorsitter. Die vakbond het vinnig gegroei en 'n halfmiljoen lede binne 'n paar weke gehad. In die 1870's het verskeie wette aan vakbonde erkenning gegee. Van toe af het vakbonde se rol gedurig toegeneem en hulle 'n onlosmaaklike rolspeler in die ekonomie en later ook in die politiek gemaak.

Tipes vakbonde

1. *Unies volgens professie*
   Hierdie unies probeer om alle mense wat een spesifieke ambag of professie beoefen, saam te snoer oor verskillende bedrywe, byvoorbeeld 'n unie van ketelmakers of van joernaliste of professionele onderwysers. Hulle kontroleer een spesifieke professie en kan 'n groot mate van invloed uitoefen deur die monopolie oor een professie.

2. *Unies volgens bedryf*
   Hierdie unies probeer om alle werknemers uit een bedryf, maar oor professiegrense heen, saam te snoer. Voorbeelde sou wees 'n unie vir staalwerkers of vir mynwerkes, ongeag of dit operateurs of bestuurders is. NUM byvoorbeeld spits hom toe op die mynbedryf en poog om uiteindelik alle werknemers oor alle grense heen binne die mynbedryf te verteenwoordig.

3. *Algemene vakbonde*
   Dit is vakbond wat werknemers uit alle oorde en bedrywe wil insluit. Solidariteit het in praktyk in so 'n vakbond ontwikkel.

Vakbonde en ideologie

In Suid- Afrika word vakbonde met linkse partye geassosieer (Duitsland: DGB en SPD; Brittanje, TUC en Labour Party). Byvoorbeeld met die drieparty-alliansie van ANC, Cosatu en die SAKP en hulle is sosialisties ingestel.

Daar is ook 'n tweede groot groepering, naamlik Christelike vakbonde. Solidariteit (Suid-Afrika) val ook in die breë kategorie van Christelike vakbonde. Internasionaal is die Christelike en gematigde vakbonde saamgesluit in die World Confederation of Labour (WCL). WCL is wel die kleinste federasie, maar ook die oudste.

Probleme vir vakbonde

Vakbonde staar talle probleme in die gesig wat hulle dwing om as organisasies aan te pas.

1. *“Free rider” probleem*
   Vakbonde is geskoei op die beginsel van saamstaan en wedersydse solidariteit. Hulle beding beter werksomstandighede en lone, nie net vir hul lede nie, maar vir alle werknemers in die spesifieke bedryf of maatskappy. Almal, ook nie-lede, trek dan voordeel daaruit. Werknemers het 'n morele verpligting om by vakbonde betrokke te raak, maar hulle kan nie gedwing word nie.

   'n Metode om wel die *“free rider”* probleem hok te slaan is om met die maatskappye agentskapsgelde te beding wat werknemers wat nie lede van vakbonde is nie, moet betaal. Sodoende betaal hulle die vakbonde vir hul dienste en word oortuig om wel by 'n vakbond aan te sluit.

   Die Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing is gunstig vir vakbonde en beveel aan dat werknemers lede van 'n vakbond of ten minste 'n personeelvereninging sal word.

2. *Globalisering*
   Dit bring kleiner maatskappye en meer spesialisasie mee. Kleiner, verspreide maatskappye maak kollektiewe onderhandeling en dienslewering moeilik. Vakbonde kan effektief werk as hulle baie mense verteenwoordig wat almal dieselfde saak het. Om een individu met 'n spesifieke saak te verteenwoordig is duur en oneffektief.

3 *Sosialistiese idees het misluk*
   Vakbonde se ontstaan val saam met die opkoms van die Industriële Revolusie. Die meeste vakbonde is ook vandag nog links georiënteerd en verstrengel in politieke ideologiese sake wat nie meer veel met die lot van die werknemer te doen het nie. Ook vakbonde wat hulle duidelik onderskei van sosialistiese vakbonde en 'n Christelike en demokratiese etiek aanhang soos Solidariteit het met die slegte persepsie oor vakbonde te kampe en word deur oningeligtes onder verdenking geplaas en met skadelike massa-aksies geassosieer.

Nasionale Tendense

In Suid-Afrika is omtrent 40 % van alle werknemers lede van vakbonde. Die meeste vakbondlede (71%) is manlik, teenoor net 29 % vroue.

Wat rasse betref, word die vakbonde deur swartes oorheers, met 70 % lede, teenoor 16 % wat blank is, 11% Kleurlinge en 3 % Indiërs. Dit is egter min of meer in ooreenstemming met die aandeel van die rasse in die formele sektor.

Suid-Afrika beskik tans oor 4 vakbondfederasies. Hulle is:

1. *Cosatu*
   Cosatu is by verre die grootste vakbondfederasie en is nou geaffilieer met die ANC en die SAKP. Dit gee aan hulle groot invloed en mag. Hulle politiek is duidelik sosialisties en radikaal. Cosatu was aan die voorpunt van die anti-apartheidstryd en het tans sowat 1.7 miljoen lede. Saam met 'n verlies aan lede gaan 'n geleidelike verlies aan invloed, alhoewel Cosatu se posisie steeds baie sterk is.

2. *Fedusa (Federation of Unions of South Africa)*
   Fedusa is die tweede grooste vakbondfederasie met rofweg 'n halwe miljoen lede en 22 geaffilieerde unies. Hulle is polities eerder gematig, maar het geen alliansie met enige politieke party nie. Fedusa was tydens die apartheidera erken en het geen struggle-verbintenis nie.

   Die grootste affiliaat van Fedusa is die VSA (Vereniging van Staatsamptenare).

3. *Nactu*
   Nactu is 'n federasie wat min gesien en gehoor word.

4. *Consawu (Confederation of South African Workers Unions)*

   Consawu is in 2003 gestig en is 'n samevoeging van 'n groot hoeveelheid onafhanklike vakbonde. Die grootste vakbond binne Consawu is Naptosa (National Professional Teachers Organisation of South Africa).